



Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

**NASIONALE
SENIOR SERTIFIKAAT**

GRAAD 11

NOVEMBER 2014

AFRIKAANS HUISTAAL V1

PUNTE: 70

TYD: 2 uur



Hierdie vraestel bestaan uit 13 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Hierdie vraestel bestaan uit DRIE afdelings:
AFDELING A: Leesbegrip (30)
AFDELING B: Opsomming (10)
AFDELING C: Taal (30)
2. Lees ALLE instruksies versigtig deur.
3. Beantwoord AL die vrae.
4. Begin ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
5. Trek 'n streep ná elke afdeling.
6. Nommer elke antwoord presies soos wat die vrae op die vraestel genummer is.
7. Laat 'n reël oop na elke antwoord.
8. Skryf netjies en leesbaar.
9. Skenk veral baie aandag aan spelling en sinskonstruksie.

AFDELING A: LEESBEGRIP**VRAAG 1**

Lees en kyk na die onderstaande tekste en beantwoord die vrae wat daarna volg.

TEKS 1: ARTIKEL**DIE LOT VAN DIE DWELMMUIL – Liesl Peyper**

1. Hy het nog nie 'n enkele dag in die nuwe Suid-Afrika deurgebring nie. Alexander "Shani" Krebs is op 26 April 1994 – die dag voor ons demokratiese verkiesing – in Bangkok, Thailand, in hegtenis geneem omdat hy heroïen uit die land probeer smokkel het. Hy was 34 jaar oud, in die fleur van sy lewe.
2. Na 20 jaar agter tralies in een van die vreesaanjaendste tronke ter wêreld, maak dié 52-jarige boorling van Johannesburg hom nou reg vir sy vrylating. Krebs se doodvonnis is omgeskakel na 40 jaar tronkstraf en uiteindelik tot 18 jaar verminder danksy amnesties wat op die verjaardae van die Thaise koning of koningin aangekondig is.
3. Hy sal na verwagting op 28 April uit Bangkok se Bang Kwang-sentrale gevangenis vrygelaat word – dit word spottenderwys die "Bangkok Hilton" genoem. Hier word inwoners in selle van ses by vier meter gestop en gedwing om styf teen mekaar te slaap en 'n oop rioolstelsel te gebruik, het die *Mail&Guardian* berig.
4. Janice Linden (38) van KwaZulu-Natal was nie so gelukkig nie. Op 12 Desember verlede jaar, het Sjina Suid-Afrika ingelig dat Linden met 'n dodelike inspuiting tereggestel is, drie jaar nadat sy op 'n Sjinese lughawe met 3 kg metamfetamien (tik) in haar besit betrap is.
5. Krebs en Linden is maar twee van die gevalle – daar is 'n konstante stroom Suid-Afrikaners wat oorsee of buitelanders wat plaaslik met dwelms in hul besit betrap word. Trouens, die probleem is so erg dat misdaadintelligensie offisiere gesê het net in KwaZulu-Natal alleen het amper 100 dwelmmuile verlede jaar die land verlaat. Die polisie in die provinsie vermoed sowat 45 dwelmmuile wat in die provinsie gewerf is, wag op opdragte van hul base om uit Brasilië, Indië en Doebai terug te keer.
6. "Ons weet presies wanneer, waar en hoe sommige van hierdie muile weer na Suid-Afrika gaan terugkeer," het Vincent Mdunge, polisiewoordvoerder, aan IOL gesê. "Ons gaan hulle vastrek." Maar die polisie weet maar alte goed aansienlik meer dwelmmuile ontglip die polisie as dié wat uiteindelik vasgetrek word.

7. Kontant is die grootste rede waarom mense instem om 'n dwelmmuil te word, selfs al verdien hulle so min as R23 000 op 'n keer het *Health24* berig. Dwelmmuile kom gewoonlik uit 'n arm huis en is tussen 20 en 45 jaar oud. Die meeste van dié wat Suid-Afrika verlaat het, is enkel ma's wat in Port Shepstone, Richardsbaai, Chatsworth, Sentraal-Durban en die Transkei gewerf is, het intelligensie-amptenare aan IOL gesê.
8. Die vroue word genader deur dwelmbase wat by nagklubs, universiteite en skuilings uithang en hulle werk met 'n vet salaris, eksotiese vakansies en duur klere belowe. "Die vroue wat hiervoor val, word óf maklik 'n rat voor die oë gedraai óf hulle is erg gulsig," het ingeligtes aan IOL gesê.
9. Die dwelmmuile kry opdragte oor presies wat hulle moet doen en wie hulle moet kontak indien hulle vasgetrek word. Volgens die polisie word twee of drie muile soms op dieselfde vlug gestuur, en die dwelmbase probeer self die aandag aflei deur die polisie in te lig oor die een met die kleinste hoeveelheid dwelmmiddels om te verseker dat die ander maklik deur doeanebeheer glip.
10. Ondanks die groot getal Suid-Afrikaners wat in buitelandse tronke in aanhouding is, het Suid-Afrika volgens die departement van internasionale betrekkinge steeds geen ooreenkoms oor die oordrag van gevangenes met enige ander land gesluit nie.
11. Die ouers van kinders wat in oorsese tronke vonnisse uitdien weens dwelmverwante oortredings, probeer die regering vergeefs oortuig om in te gryp. In 2010 het Patricia Gerber, direkteur van die organisasie Locked up in Foreign Prison, die regering voor die hof gedaag om haar seun uitgelewer te kry – hy dien tans nege jaar tronkstraf in Mauritius uit nadat hy met heroïen betrap is. Haar aansoek is egter deur die hooggeregshof in Pretoria van die hand gewys.
12. Volgens Fairlady het Jacob van Garderen, 'n menseregteprokureur, gesê die regering se weiering om gevangene-oordragooreenkomste te sluit druis in teen die beginsels van die Grondwet, wat diplomatieke beskerming aan alle Suid-Afrikaners waarborg.

[Aangepas uit: www.nn.co.za]

- 1.1 Waarom kon Alexander Krebs nog nie die demokrasie van Suid-Afrika ervaar nie? (2)
- 1.2 Waarom staan die naam in paragraaf 1 tussen aanhalingstekens? (1)
- 1.3 Verduidelik kortliks die uitdrukking in die laaste sin van paragraaf 1. (1)
- 1.4 Sê presies hoe lank Alexander in die gevangenis was. (1)
- 1.5 Die geluk tref soms gevangenes. Watter geluk het Alexander tydens sy vonnisoplegging en later in die gevangenis te beurt geval? (2)
- 1.6 Die tronk in Bangkok word spottenderwys die “Bangkok Hilton” genoem. Wat is die Hilton wat in die VSA aangetref word. (1)
- 1.7 Sê of die volgende stelling ’n feit of ’n mening is en motiveer jou antwoord:
Die Sjinese regering onderhandel nie oor dwelmsmokkelary nie en is onverbiddelik. (2)
- 1.8 Waarom dink jy, word gevangenes in die Bang Kwang gevangenis so sleg behandel? (1)
- 1.9 Waarom kan Krebs en Linden nie as uitsonderlike gevalle beskou word nie? (1)
- 1.10 Verduidelik die ironie wat in die laaste aanhaling van paragraaf 6 opgesluit lê. (1)
- 1.11 Wat is die rede waarom mense hul lewe en vryheid op die spel plaas om ’n dwelmuil te word? (1)
- 1.12 Skets (met ander woorde beskryf) die tipiese profiel van ’n dwelmuil. (4)
- 1.13 Bewys dat dwelmuile uit alle sferes (vlakke) van die samelewing kom. (2)
- 1.14 Tot watter gevolgtrekking kom IOL na aanleiding van paragraaf 8? (2)
- 1.15 Hoe word dwelmuile deur hul werkgewers verraai? (1)
- 1.16 Wat is die implikasie van die hooggeregshof in Pretoria se bevinding ten opsigte van Suid-Afrikaanse gevangenes in buitelandse tronke? (1)

TEKS 2: PAMFLET

Hoe dwelms gesmokkel word

1. Luidens 'n verslag deur die Verenigde Nasies se kantoor vir dwelms en misdad is Suid-Afrika dikwels die oorsprong, deurgangroete en eindbestemming van talle dwelmroetes.
2. So gaan hulle te werk:
Maag: Een van die algemeenste metodes is om die dwelms mondelings in te neem. Dwelmuile verdoof die keel sodat hulle groot hoeveelhede kapsules, lateksballonne (dikwels kondome of handskoene) of pakkies vol dwelmmiddels gesluk kan kry. Dit is baie gevaarlik omdat die pakkies of kapsules tydens die reis kan bars.
3. **Hondjies:** 'n Colombiaanse dwelmhandelgroep is in 2006 betrap toe hulle probeer het om vloeibare dwelmmiddels in babahondjies in te smokkel wat kastig skouhonde was.
4. **Kinders:** 'n Mexikaanse vrou is in Mei 2008 in hegtenis geneem omdat sy dwelms in Brittanje probeer insmokkel het deur dit aan die bene van twee kinders van 11 en 13 oud vas te maak. Sy is nege en 'n half jaar tronkstraf opgelê en die kinders is in die sorg van die kinderdiens geplaas.

[Aangepas uit: www.nn.co.za]

- 1.17 Watter ooreenstemming is daar tussen paragraaf 1 van Teks 2 en paragraaf 6 van Teks 1? (2)
- 1.18 Watter metode van smokkelary vind jy die snaaksste? Verstrek 'n rede vir jou antwoord. (2)
- 1.19 Watter goeie raad sal jy aan jou vriend of vriendin gee wat oorweeg om dwelms te smokkel? (2)

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B: OPSOMMING**VRAAG 2**

As bemarker van BlackBerry moet jy die selfoongebruikers oorreed om na BlackBerry Z30 oor te skakel. Som die foon se plus- en minuspunte in 'n **paragraaf van 80 woorde op**. Jou opsomming moet in volsinne aangebied word en mag nie meer as 80 woorde beslaan nie.

BlackBerry Z30: Puik, maar dalk te laat**Neil Joubert**

1. Is dit 'n geval van te min, te laat vir BlackBerry? Die Kanadese selfoonmaatskappy het onlangs sy nuutste selfoon, die BlackBerry Z30, bekend gestel.
2. Die resensent het die afgelope maand die foon getoets en hoewel dit 'n goeie slimfoon is, was die oorweldigende reaksie van ander mense: Waarom 'n BlackBerry as jy die nuwe iPhone of Samsung se Galaxy S4 kan kry?
3. Dit is 'n goeie vraag. As mense eers van jou vergeet het – of nie van jou weet nie – is dit moeilik om hulle terug te wen, of in die eerste plek te kry om jou produk te toets en dan hopelik te gebruik.
4. Die HTC One is 'n goeie voorbeeld. Dit is een van die beste fone op die mark, maar in Suid-Afrika sal jy nie sommer iemand kry wat dit gebruik nie.
5. Die jongste foon van BlackBerry is sy beste nog. Hy het in Januarie sy nuwe bedryfstelsel, BlackBerry 10, bekend gestel en die Z30 het weergawe 10.2, wat verskeie verbeteringe en nuwe kenmerke het.
6. Die Z30 het 'n 5"skerm wat helder en duidelik is, hoëgehalte-luidsprekers en 'n kamera wat nie te versmaai is nie. 'n Sterk verkoops punt is dat hy 'n lang batterylewe het – afhangende van waarvoor jy die foon gebruik, kan die battery sowat 25 uur hou. Die prioriteitspunt vir boodskappe is 'n nuttige eienskap – dit gee jou onmiddellike toegang tot jou belangrikste gesprekke, inhoud en kontakte.
7. Een van die nadele is die relatief minder toepassings (apps) wat in BlackBerry World (sy toepassingswinkel) beskikbaar is vergeleke met toepassings vir Android en iOS (Apple). Dit is ook effens swaarder as ander slimfone, maar nie in so 'n mate dat dit 'n groot probleem is nie.
8. BlackBerry se groot probleem is dat vandag se gebruikers nie sentimenteel is nie en vinnig aan beweeg. Daar is nie twyfel dat dit 'n goeie foon is nie, maar in vandag se mark is dit glad nie goed genoeg nie.

[Aangepas uit: *Die Burger*, 4 Desember 2013]

TOTAAL AFDELING B: 10

AFDELING C: TAAL

VRAAG 3: ADVERTENSIE

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

IS JOU GEWRIGTE OP DIE AFDRAANDE PAD?

1. **OsteoEze Gold 90's** het van die hoogste konsentrasies glukosamienesulfaat (1 500 mg per dag) en **chondroïtiensulfaat** (801 mg per dag) op die mark. In kombinasie teiken hierdie twee natuurlike bestanddele kraakbeendegenerasie – wat die **onderliggende oorsaak van baie gewrigsprobleme is**.
2. **Internasionale navorsing** toon aan dat **hoë konsentrasies glukosamiene** die liggaam bystaan om **gewrigsvernouing, verswakte mobiliteit en pyn** teen te staan. **Hoë dosisse chondroïtien** help die liggaam om **gewrigskade verswakte mobiliteit inflammasie en pyn** hok te slaan.
3. Alhoewel **chondroïtien tot agt keer duurder** as glukosamiene is, sal jy vind dat **OsteoEze Gold verbasend bekostigbaar is**. Vitamiene C (wat met kollageenproduksie help) en mangaan ('n kragtige antioksidant) maak die res van hierdie fieterjasielose formule uit.
4. Met **OsteoEze Gold se kragtige formule**, hoef jy net **1 kapsule drie maal ... dag** te neem. Hou slegs by die dosis en jy sal verbaas wees met die resultate.
5. **OsteoEze Gold** is beskikbaar by die voorste apteke en uitsoekwinkels.






[Aangepas uit: *Vrouekeur*, 29 November 2013]

- 3.1 Hoekom sal die opskrif onmiddellik lesers se aandag trek? (1)
- 3.2 Verduidelik kortliks hoe die woord *gold* (goud) bydra tot die effektiwiteit van die advertensie. (1)
- 3.3 Gee die vergrotende trap van die onderstreepte woord in paragraaf 1. (1)
- 3.4 Skryf die afkorting in paragraaf 1 voluit. (1)
- 3.5 In die laaste sin van paragraaf 2 ontbreek kommas. Skryf die sin oor en voeg die kommas in. (1)
- 3.6 Herskryf die eerste sin van paragraaf 3, maar moenie met die voegwoord begin nie. Dit moet op 'n ander plek in die sin gebruik word. (1)
- 3.7 As watter woordsoort word die eerste onderstreepte woord in paragraaf 3 gebruik? (1)
- 3.8 Wat is die betekenis van die postmorfeem in die tweede onderstreepte woord in paragraaf 3? (1)
- 3.9 Skryf die ontbrekende voorsetsel van die sin in paragraaf 4 neer. (1)
- 3.10 Wat is die onderwerp van die onderstreepte sin in paragraaf 4? (1)

[10]

VRAAG 4: STROKIES

Lees die onderstaande strokies en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Fransie  Marié  **NYFTIEN** en 'n  *Andrea Kruij*

1 Haai, kyk... daar is Gerard. Wat het hy nou weer by hom? **Haai! Gerard!!! Wat het jy daar!**

2 Ag, niks wat julle sal interesseer nie! 'n Boek oor rugby. Laak sien!

3 Marié!! Hy het foto's van Bryan Habana!! **Laak sien wys my wys my!!!**

4 **Haai...!?**

5 **Aaaag... Kyk net daai oë van hom!!** Kyk hier! Sien jy daai bene in die skrum!? Mooi, né!? **Oppas, moenie dit kreukel nie!!! Dit was duur!**

6 **En hier, kyk net... hy lyk só outlik met daai pet op! En hier... (sug) só 'n mooi ding.** Weet jy, hy is net 'n paar jaar ouer as ons. Hy is dus heel...e... bereikbaar

7 **Haai, Gerard, jy gee mos nie om as ons jou boek so 'n bietjie leen nie!** Baie dankie. Tatta **e.....e?...**

8 **Nee... ja... Natuurlik nie!** Ek het nie geweet julle weet iets van rugby nie! Tatta.

[Aangepas uit: Sarie, Julie 1997]

- 4.1 Wat is die gevoelswaarde van die uitroep of tussenwerpsel in raampie 1? (1)
- 4.2 Verduidelik die geïmpliseerde betekenis van die meisie se woorde in die eerste raampie. (1)
- 4.3 Brei die onderwerp in die tweede sin van raampie 2 met 'n gepaste bysin uit. (1)
- 4.4 Die meisie in raampie 4 gryp na die boek, want sy is ernstig om Bryan te sien. Watter stylfiguur gebruik die meisie om haar erns te beklemtoon? (1)
- 4.5 Benoem die eerste aksentteken wat in raampie 5 aangetref word. (1)
- 4.6 Gee die funksie van die tweede beletselteken in raampie 6. (1)
- 4.7 Skryf die bepaler van die samestelling in raampie 6 neer. (1)
- 4.8 Herskryf die laaste sin van die meisies in raampie 6 in die ontkennde vorm. (1)
- 4.9 Gee die sinoniem van die onderstreepte woord in raampie 8 volgens die konteks van die twee raampies. (1)
- 4.10 Skryf die tweede sin van Gerard in raampie 8 in die indirekte rede. Begin jou antwoord as volg:
Gerard het gesê ... (1)
- [10]**

VRAAG 5: RUBRIEK

Lees die onderstaande teks en beantwoord die daaropvolgende vrae.

Kommer dat e-sigarette kinders kan trek

Die Nederlandse departement van gesondheid het onlangs ná wetenskaplike navorsing deur die nasionale instituut vir openbare gesondheid waarskuwings oor die moontlike gesondheidsgevaare van elektroniese sigarette uitgereik.

2. Die instituut is glo bekommerd oor die tekort aan inligting oor die moontlike nuwe-effekte van e-sigarette. As voorsorg moet dit nie deur swanger vroue of naby kinders gebruik word nie.
3. Sommige gesondheidskenner sê e-sigarette (battery-aangedrewe metaalstafies wat 'n vloeistof waarby nikotien gevoeg is, in walms verander) is dalk die antwoord wat miljoene rokers kan spoen van sigarette en so die negatiewe effek van rook kan hokslaan. [Die rook van tabak kan longkanker en ander chroniese asemhalingsiektes veroorsaak.] Ook is dit 'n belangrike bydraende faktor tot hartsiektes – die wêreld se grootste oorsaak van sterftes.
4. Meer as ses miljoen mense wêreldwyd sterf jaarliks as gevolg van die gebruik van tabak sê die Wêreldgesondheidsorganisasie, en dit kan teen 2030 agt miljoen bereik as mense nie dringend ophou rook nie.
5. Al die top-maatskappye belê deesdae in e-sigarette, en sommige kenners voorspel dat die verkope daarvan binne die volgende 10 jaar die verkope van gewone sigarette gaan oortref.
6. Maar dié sigarette word beslis nie universeel as gesond beskou nie. Sommige (kritici) meen dit sal nie help om 'n nikotienverslawing te verbreek nie en kan sommige verbruikers tot gewone sigarette lei. Die vinnig groeiende mark vir e-sigarette word glad nie gereguleer nie.
7. Die Nederlandse instituut beveel aan dat daar 'n (verbied) geplaas moet word op die gebruik van gekeurde sigarette omdat die vrees bestaan dat dit vir die kinders aanlokliker lyk. Boonop is e-sigarette net so verslawend soos tabaksigarette omdat dit nikotien bevat en daar geen bewyse deur die vervaardigers van e-sigarette is dat dit rokers sal help om op te hou rook nie.
8. Die Nederlanders is ook bekommerd dat die helder kleure en “juweelagtige” voorkoms van e-sigarette ook vir ander jong mense aanloklik kan wees.

[Aangepas uit: *Leefstyl*, 04/12/2013]

- 5.1 Waarom is die verbindingsklank in die onderstreepte woord in paragraaf 1 nie 'n morfeem nie? (1)
- 5.2 Wat beteken die onderstreepte uitdrukking in paragraaf 3? (1)
- 5.3 Skryf die sin tussen die reghoekige hakies in paragraaf 3 in die lydende vorm. (1)
- 5.4 Wat is die stamme van die onderstreepte woord in paragraaf 4? (1)
- 5.5 Gee die gepaste antoniem van die onderstreepte woord in paragraaf 5. (1)
- 5.6 Gee die enkelvoud van die woord tussen hakies in paragraaf 6. (1)
- 5.7 Skryf die homofoon van die onderstreepte woord in paragraaf 6 neer en maak 'n duidelike sin daarmee. (1)
- 5.8 Soek 'n teenwoordige deelwoord in paragraaf 6 en skryf dit neer. (1)
- 5.9 Skryf die korrekte vorm van die woord tussen hakies in paragraaf 7 neer. (1)
- 5.10 Benoem die beeldspraak wat in paragraaf 7 aangetref word. (1)
- [10]**

TOTAAL AFDELING C: 30

GROOTTOTAAL: 70

